

INTERESSANTE FEITE OOR STAMVADER JAN WILLEMSZ SOOS IN SY GESLAGREGISTER AANGETEKEN OP 8 MAART 2022

Aantal name in die register 5285

Aantal persone aangedui as lewend 3134

Aantal persone reeds oorlede 2151

Persoon wat oudste geword het Magdalena Johanna Basson <4375>J skoonma van Roelof Gabriël Vermeulen<2445>J 100jr presies gebore 16.01.1857 te Marico en oorlede 16.01.1957 te Heidelberg Tvl.

Aantal Mans 2651

Aantal vroue 2622

Onbekende geslag 12

Aantal huwelike : 2217

Langsdurende huwelik 76jr en 10mde 7 dae

Totale aantal kinders gebore : 3098

Gesinne met 10 of meer kinders 31


Name wat meeste voorkom is Christoffel Johannes 59, Johannes Urbanus 33, Hendrik Johannes 28, Maria Magdalena 21, Sybrand Johannes 21 en Elizabeth 18.

Vanne van persone wat meeste met Vermeulens getroud is Fourie 92, Swart 91, Groenewald 73, Du Toit 43 en Smit 37

Plekname wat die meeste voorkom Napier 746, Caledon 287, Bredasdorp 273, Gansbaai 184, Stanford 163 en Hopetown 161 keer.

Wat baie interessant is, is die familienaam wat die meeste voorkom by die twee stamvaders. So kom die naam Christoffel Johannes 59 keer voor in die geslagregister van Jan. Ons het byvoorbeeld op hierdie stadium drie Vermeulens met die geboorte naam Christoffel Johannes as bondlede nl. Christo van Pretoria, Stoffel ons komiteelid en Stoffel van De Aar. Dan het ons ook nog 2 lede met die name Christiaan Jacobus een van die Strand en een van Caledon wat meebring dat ons 5 lede het met die voorletters CJ en wat almal afstammeling is van Jan. Christoffel Johannes <17> van Awila naby Gansbaai, is die oudste Christoffel Johannes en alle nasate het hom as voorvader.

Johannes Urbanus Vermeulen<1461>J, was self daarvoor verantwoordelik dat die Jan Willemsz nageslag goed uitbrei. Hy hou sover bekend die rekord van die Vermeulens met 26 kinders en was 3 keer getroud.



Johannes Petrus Hendricus Vermeulen <35>J en kleinseun van Christoffel Johannes <17>J.